REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA — REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

191. T. 2(35)

Verw./Ref. No. ..................

NASIONALE ONDERWYSRAAD
NATIONAL EDUCATION COUNCIL

Telegramme / Telegrams "Adviesraad"
Telefoon / Telephone 3-3114 / 3-3117

Privaatsak / Private Bag 298,
PRETORIA.

## DIE BETEKENIS VAN ONS NORME

Deur Prof. H.B. Thom,
Voorsitter van die Nasionale Onderwysraad

(Algemene Kongres van die Voortrekkers,
Bloemfontein, 1/7/71 - 11 vm.)

-I-

Ere-lidmaatskap. X) Vreugde om hier te wees - baie ou vriende.

Die Ere-lidmaatskap van die Voortrekkers word tereg as 'n besondere ere-toekenning beskou. Ek weet dat dit op 'n hoë vlak staan en as 'n eksklusiewe toekenning gesien word. Uit die verslag wat voor die Kongres dien, blyk dat dit in al die jare sedert die ontstaan van die Voortrekkerbeweging nog net negentien keer toegeken is.

Die Hoofbestuur skenk aandag aan hierdie toekenning en besluit ook daaroor. Dit is dus die Hoofbestuur wat, op gesag van die Voortrekkerbeweging en sy konstitusie, die toekenning maak.

Ek wil my opregte dank en hoë waardering uitspreek teenoor die Hoofbestuur in die besonder, en teenoor die Voortrekkerbeweging in die algemeen, vir hierdie hoë toekenning wat hulle vandag aan my maak. Dat ek hiermee in die geselskap geplaas word van groot Afrikaners wat hulle volk op uitnemende wyse gedien het, laat my diep dankbaar voel.

Maar dit laat my tegelyk ook klein voel. Want wat my persoon aangaan, kan ek geen rede vind waarom ek in dié geselskap geplaas moet word nie. Ek lees egter in hierdie mooi toekenning nie eer of hulde vir my persoon nie; ek lees daarin eer en hulde vir die groot sake van ons volk en vir al diegene wat hulle daarvoor beywer het, en nog beywer, met name vir die manne wat aan die hoof staan van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings met wie ek baie jare lank hartlik kon saamwerk. Dat ek die blywende belange van die Afrikanervolk kon dien, en nog kan dien, en dat ek my

/insonderheid ..........

insonderheid vir sovele jare vir die belange van ons jeug kon beywer - dit alles is nie my verdienste nie, dit is inderwaarheid voorregte wat ek uit die Hand van die Here ontvang het.

Terwyl ek u dan van harte dank vir die Ere-lidmaatskap wat u aan my toeken, dank ek u nog des te meer dat ek daarin waardering en erkenning kan sien vir die groot dinge wat ons volk tot Afrikanervolk gemaak het, en wat tot in lengte van dae kenmerkend van die Afrikanervolk sal bly.

x) Oor onderwys - Norme ; Bet.

-II-

Jeugarbeid.

Ek het gesê dat dit nou al baie jare lank my voorreg is om veral in die diens van ons jeug te staan. Ek verheug my hieroor, want hiermee staan ek in die diens van die toekoms van ons volk. Dit tref my dat die funksie wat ons vandag hier byeen bring, juis 'n funksie in verband met ons jeug is. Ons is almal lewendig geïnteresseerd in en ons doen hartlik mee aan jeugarbeid. Ons staan dus inderdaad almal in die diens van die toekoms van ons volk.

Jeugarbeid is 'n ruime begrip. Daar is formele jeugarbeid, d.i. ons arbeid in skole, kolleges en universiteite. Ons werk in die klaskamer en die laboratorium; hier onderrig ons jongmense, ons voed hulle op, ons beïnvloed hulle.

Dan is daar nie-formele jeugarbeid. Ons werk met jongmense in verenigings, ons gaan met hulle om en ons lei hulle op die sportveld, ons neem hulle rond in die natuur.

Die Voortrekkerbeweging lê op die terrein van die nie-formele jeugarbeid. Maar dit sluit so nou aan by die klaskamer dat dit op natuurlike wyse 'n brug slaan tussen die formele en die nieformele. Juis hierom kan die Voortrekkerbeweging m.i. met reg as die ideale opvoedingsfaktor gesien word.

By jeugarbeid, of dit formeel is of nie-formeel, is die groot vraag altyd: Wat wil ons met ons jongmense bereik? Wat presies beoog ons?

Vir baie is die antwoord maklik: Ons wil die verstand ontwikkel; ons wil die karakter versterk; ons wil die hele mens

/opvoed; ............

opvoed; ons wil die jongmens vir die lewe toerus.

Dit is seker alles goed; en niemand sal hierteen beswaar hê nie. Maar 'n bevredigende antwoord is dit nog nie, want die vraag bly nog steeds: Hoe wil ons dit alles doen? En hiermee kom ons dan by die groot kernvraag van ons jeugarbeid: Hoe wil ons al hierdie mooi doelstellings bereik?

Die een sê hy wil dit bereik deur by ons jongmense eers en veral 'n analitiese gees aan te kweek. Hy wil hulle leer om 'n probleem, 'n verskynsel of 'n verloop te ontrafel en uit te pluis. Dit sal hulle dan leer om die samehang van dinge te verstaan en die regte perspektief daaruit te kry. Aldus sal die leerling of student gehelp word om, wanneer hy later in die lewe beslissinge moet neem en verantwoordelikheid moet dra, dit met insig en begrip te doen.

'n Ander sê hy wil by ons jongmense eers en veral 'n kritiese gees ontwikkel. Hulle moet krities ingestel wees; hulle moet teenstrydighede van gedagte, woord en daad kan raaksien; hulle moet swakhede in argument en opbou kan identifiseer; en aldus sal 'n kritiese gees dan steeds tot versigtigheid maan om indringende denke, logiese besluite en gesonde handeling te bewerkstellig.

'n Derde wil bowealles beskrywend wees. Hy glo dat jongmense eers en veral geleer moet word om suiwer waar te neem en presies te beskryf. Hy glo dat hulle in staat moet wees om in besonderhede en akkuraat te beskryf hoe iets gebeur het, hoe iets lyk, hoe iets werk. Want - só lui dit dan verder - iemand wat hiertoe in staat is, beskik oor so 'n dissipline van waarneming, woordekeus en waarheid dat hy daarin in hoë mate die nodige toerusting vir sy taak in die lewe sal vind.

In al hierdie strewes steek daar ongetwyfeld groot verdienste, en elkeen daarvan sal vir die seun of dogter in die lewe seker veel beteken. Maar nie één van hulle nie, en ook nie almal van hulle saam nie, gee vir ons die volle antwoord. Daar ontbreek nog iets essensieëls, iets wat jeugarbeid werklik vrugbaar, suksesvol maak.

Ons moet in jeugarbeid veral ook normatief wees. Dit is nie genoeg om te ontleed, om te kritiseer en om te beskryf nie; ons

/moet ............

moet ook normatief wees: ons moet ook sê hoe dinge behoort te wees. En dit kan ons net doen as ons weet wat die dinge is wat ons wil behou en handhaaf as die grondslae waarop ons samelewing gegrondves moet wees.

Dit bring my by ons norme, die kern-inhoud van my gedagtegang.

-III-

Norme.

Dit is noodsaaklik dat enige persoon, enige gemeenskap, enige volk en enige nasie, as hy 'n eie stempel wil dra en iets in die wêreld wil beteken, sekere norme moet hê. Daar moet norme wees wat hy aanlê, en wat vir hom beslissend is, wanneer hy tussen reg en verkeerd, tussen goed en kwaad, tussen positiewe bouwerk en negatiewe aftakeling wil onderskei. Ek weet dat daar mense is wat hiervan verskil - en ek kom weldra weer hierop terug - maar ek gee hier die opvatting wat vir my nog altyd onomstootlik vasstaan. Ek weet ook dat dit die opvatting is wat tradisioneel in die denke van die Afrikaner vasgeanker is, in sy godsdienstige denke, sy kulturele denke, sy sosiale denke en selfs ook in sy staatkundige denke.

Die norme van die Afrikaner is hoofsaaklik 'n erfenis van die Christelik-westerse beskawing. Hy het die kern ontvang van die Christelike - met name Calvinistiese - Weste, maar hierdie kern is op eie bodem in Suider Afrika verlokaliseer, en dit het hier in verskeie opsigte 'n eie gedaante gekry.

Laat ons enkele van die hoofpunte kortliks stel.

Die eerste is gehegtheid aan kerk en godsdiens. As ons dink aan die Afrikaner se Calvinistiese voorouers, veral Nederlandse en Franse, dan hoef dit ons seker nie te verwonder dat hy baie geheg aan sy kerk en godsdiens geraak het nie. Onder die pionierstoestande, wat vir 'n lang tyd die Afrikaner se lewe oorheers het, het hierdie gehegtheid nie verflou nie; inteendeel, dit het eerder sterker geword.

Die Afrikaner het ook 'n vurige liefde vir sy taal, sy taal wat in werklikheid sy vernaamste kultuurskepping is. Sy taal het reeds vroeg in die ou Kaapland ontstaan, maar ofskoon die Afrikaner hom

/in ....................

in die alledaagse omgang daarvan bedien het, het hy - veral in Kerk en Staat - eers Nederlands verkies, wat vir hom waardiger en deftiger voorgekom het. Selfs toe die Afrikaner al lank met Engels as amptelike taal van die Staat te doen gekry het, het hy nog aan Nederlands vasgehou. Toe hy egter sy eie taal eers vir homself ontdek het, toe hy die ware betekenis daarvan ingesien het, het hy dit met geesdrif en oortuiging as sy eie aanvaar.

Die Afrikaner het 'n intense liefde vir sy vaderland Suid-Afrika. Hy is hier gebore en getoë; een na die ander geslag het hier die lewenslig aanskou en het hier gesterf; die Afrikanervolk is hier in aansyn geroep; die Afrikaner het nie 'n ander vaderland geken nie, en hy ken dit ook vandag nie, vandag miskien nog selfs minder as ooit tevore. Hy het nooit die gevoel gehad, soos sommige van sy ander blanke landgenote, dat hy in tye van nood 'n ander, ouer vaderland agter hom het nie. Hy is hier, hy kan nêrens elders heen nie; hy is hier gebore, en hy sal hier sterwe.

Ek kon nog na verskeie ander norme van die lewe van die rasegte Afrikaner verwys. Ek noem net 'n paar. Hy het waardering en liefde vir sy huisgesin; hy het vertroue in sy nasieskap; hy het respek vir sy nasionale verlede; hy het waardering vir die onderwys; hy is bereid tot naastediens; hy glo in die adel van die arbeid.

Dit is hierdie dinge wat tradisioneel vir die Afrikaner gegeld het, en wat, as hy Afrikaner wil bly, ook nog vandag vir hom moet geld. Dit is ook hierdie dinge wat in ons jeugarbeid voorop moet gaan. Ons moet aan ons jongmense kan sê hoe dinge behoort te wees, en om dit te kan doen, moet ons vir onsself duidelikheid oor ons norme hê en moet ons ook nie aarsel om hulle, vir onsself en vir ons mede-Afrikaners, met eerlikheid en onverskrokkenheid aan te lê nie.

-IV-

Verwerping van ons norme

Ek het gesê dat daar mense is wat nie met hierdie normatiewe beskouing saamstem nie. Ons besef dit miskien nie aldag nie, maar as ons in die alledaagse lewe om ons heenkyk, sal ons gou sien dat dit só is.

/Daar ..........

Daar is mense wat die genoemde norme as oudmodies en uitgedien verwerp. Daar is mense wat vandag inderdaad selfs alle beginsels wil verwerp. Hulle glo alles is toelaatbaar; en vir die samelewing moet alles aanvaarbaar wees. Hulle glo dat norme - en veral dié wat ek gestel het - bloot bereken is om die vryheid van die indiwidu en die samelewing aan bande te lê en aldus die ongedwonge ontwikkeling van die mens te belemmer. Hulle wil die genoemde norme nie hê nie, omdat dit dan die ware vrywording van die mens in die wiele ry.

Wat moet die resultaat van hierdie denke wees? As dit ruime ondersteuning vind en ook uitgeleef word, kan dit net één resultaat hê: Dit moet noodwendig die permissiewe gemeenskap tot gevolg hê. En ons sien dit vandag reeds in groot mate by ons aanwesig.

Mense wil klere dra soos hulle verkies. Of dit welvoeglik of aanstootlik is, dit kom daar nie op aan nie, want dit is hulle saak hoe hulle hulle wil aantrek. Waarom? - eenvoudig omdat hulle ons beproefde norme verwerp het.

Mense wil in die betrekkinge tussen die geslagte vryheid hê, want die mens is baas van sy eie gees en liggaam, en wat hy daarmee maak, is sy eie saak. Hulle wil nie die beperkinge hê wat tot nou toe die sleutels tot reinheid en kuisheid uitgemaak het nie. Waarom? - omdat hulle ons beproefde norme verwerp het.

Mense vind dit nie meer nodig om ons taal te handhaaf nie, want ons taalstryd is mos gewonne. Dit is ook net lastig om, as jy in 'n winkel of hotel of kantoor kom, met Afrikaans te sukkel as die mense jou nie kan verstaan nie. Dan praat jy maar liewer Engels, en jy is gou geholpe. Waarom? - omdat die betrokke persone ons norme verwerp het.

En so kon ek voortgaan. Altyd kom ons maar weer by die antwoord uit: omdat hulle ons norme verwerp het. Laat ons gewaarsku wees: Ons het nou al 'n tyd so aangegaan, en ons het permissiwiteit gekry; as ons so volhou, kan ons nog anargie en nihilisme kry.

Dit het by baie mode geword om sonder meer die jongmense vir hierdie verskynsels te blameer. Dis die jeug wat in bedenklike kleredrag behae skep; dis die jeug wat die peil van ons sedelike

/lewe ..................

lewe verlaag; dis die jeug wat nie meer die adel van die arbeid ken nie. Dis maklike antwoorde, maar só eenvoudig is die saak sekerlik nie.

Is dit dan die jeug wat daardie klere vervaardig? Of is dit volwassenes wat dit doen, en dit - erger nog - net vir geldelike gewin doen? Is dit ons seuns en ons dogters wat sonder skroom die peil van hulle morele lewe verlaag? Of is dit grotendeels toe te skrywe aan gebroke huisgesinne, en vaders en moeders wat nie meer vir mekaar tyd het nie? Is dit ons jeug wat nie meer die adel van die arbeid ken nie? Of is dit grotendeels toe te skrywe aan ouers wat nie meer die arbeid hoogskat nie, en jong kinders al vroeg aan onnodige,demoraliserende weelde en gemak gewoond maak.

× Voorbeeld - seun in koshuis.
× Voorbeeld - drankwinkel

Ons het met ŉ baie gekompliseerde toestand te doen, en ons kan nie maar maklik die jeug of die ouers, of miskien ook die kerk of die skool of wie ook al, blameer nie. As daar skuld uit te deel is, moet ons almal ons deel daarvan aanvaar. Hoe dit sy, die verskynsels van tyd en plek druk hulle invloed veral op die jeug af, en deur die jeug word hierdie invloed die toekoms ingedra, dikwels op kumulatiewe wyse. Is dit verskynsels ten goede, dan is dit ŉ invloed ten goede; daarteenoor,is dit verskynsels ten kwade, dan is dit ŉ invloed ten kwade.

Ons het hier egter oor verskynsels gehandel wat ons, gesien die norme wat ons aanvaar en handhaaf, as bedenklik beskou; en ons moet weet dat die eerstes wat hieronder ly, ons seuns en ons dogters is, en - deur hulle - ons eie toekoms. Ek ken hierteen maar één beproefde middel: terug na, en pas toe, ons erkende norme. As ons te swak is om ons normatiewe lewensbeskouing ten uitvoer te bring, as ons te swak is om die implikasies daarvan te aanvaar, sal ons ook te swak wees om suiwere leiding aan ons jongmense te gee. Dit is waar van alle Afrikaners, maar dit is waar insonderheid van ons wat met jeugarbeid in die boesem van ons volk besig is.

-V-

Waardering en goeie wense.

Ek het die Voortrekkers reeds bedank vir die mooi gebaar wat hulle teenoor my gemaak het, en, deur my, teenoor Afrikaanse kultuurarbeid in die algemeen.

/Maar ..............

Maar ek wil hulle ook veral bedank vir die werk wat hulle nou al jare lank doen, en by uitstek vir die gesonde norme wat hulle steeds getrou voorop gestel het. Ek sê dit met vrymoedigheid aan die adres van Voortrekkers in al die Kommando's, en vernaamlik aan die adres van die offisiere wat so geredelik hulle tyd en aandag aan die jongmense gee.

Mag die Voortrekkerbeweging steeds in sy arbeid vreugde vind; en mag hy, in alles wat hy vir ons jeug doen, steeds vasstaan as 'n doelgerigte, koersvaste medebouer aan 'n sinvolle toekoms vir die Afrikanervolk.

<u>H.B. THOM</u>

BLOEMFONTEIN,
1 JULIE 1971.